## HOOFSTUK V SEKERE OPVATTINGE WAT GEVAARLIK VIR CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS IS

### 1. Inleiding

Voorheen[1]) is reeds melding gemaak van die krisis in die nie-Christelike wêrelddenke. Die Suid-Afrikaanse onderwys het daarmee in aanraking gekom en beïnvloeding het plaasgevind. Waar gevaarlike elemente vanuit Christelike oogpunt opgemerk kan word, moet die Christelik-nasionale opvoeder 'n weerbaarheid daarteen opbou. Daarom moet hy kennis dra van die gevare en in staat wees om in verweer daarteen iets positiefs in die plek daarvan te stel.

Dis verontrustend dat sommige skrywers hulle op die Christelik-nasionale standpunt beroep en tog dinge sê wat glad nie met die Christelike siening gerym kan word nie. Voorbeelde sal in hierdie hoofstuk ondersoek word.

### 2. Onvolledige gebruik van die Skrif

Dis 'n oeroue probleem dat mense soms net sekere gedeeltes van die Skrif neem as grond vir hulle opvattinge. Dit gebeur meesal wanneer gesoek word na bewysgronde vir 'n hipotese wat sonder die Bybel geformuleer is.[2])

Nou bestaan die gevaar dat fragmentariese gebruik van die Skrif die aangehaalde gedeeltes uit verband kan ruk of 'n onvolledige beeld van die ware toedrag van sake kan vertoon. Die volgende aanhaling toon hoe selfs Satan 'n Bybelteks vir sy doel kan gebruik:

> ,, . . . en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie."[3])

Die Woord van God is 'n onverbreeklike eenheid. Geen teks mag sonder inagneming van die hele Boek vertolk word nie. Daar is nie kontra=

---

[1]) P. 3-9

[2]) Die geval van die Fenomenisme word later in hierdie hoofstuk bespreek.

[3]) Mat. 4:6

diksies nie en daar kan ook nie kontradiksies wees nie. Die mens mag verskillende dele so opvat dat dit lyk of daar wel ongerymdhede voorkom, maar dis blote menslike tekortkominge wat dit so laat lyk.

Dit is van kardinale belang dat die Christenopvoeder die Bybel en sy uitleg moet ken. Dit is 'n groot taak, en al kan slegs enkeles die teologiese onderbou na behore bestudeer, is dit tog nodig dat gesaghebbende en eenvoudig beknop saamgestelde werke vir algemene gebruik en studie beskikbaar moet wees.[4] Verdere hulp en voorligting sal van die kerk se kant af voorsien word. Die hoofsaak is die volledige en noukeurige gebruik van die Skrif.

### 3. <u>Afvalligheid van God en sy Woord</u>

Satan is magtig en beskik o.a. oor 'n buitengewone intelligensie. Hy gebruik die mens se godsdienssin, emosie, verstand, wil en liggaam om hom van God afvallig te maak. Die Calvinis bely dan ook die algehele verdorwenheid van die menslike natuur.

Die Skrif bevat talle gedeeltes wat die afval en verwydering van God beskryf. Paulus sê ook dat dit nodig is:

> ,,Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van die sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is."[5]

Die mens wil nou eenmaal sy eie kop volg, en daarin is die hoofoorsaak van die afvalligheid geleë. Hy wil nie graag na die Woord van God luister nie, hy wil self praat, hy wil die stem van God doodpraat. Hy wil ook nie na Bo kyk nie maar wend sy oë na sy eie selfsugtige begeertes.

Die afvalligheid van God kan op verskeie wyses geskied. Vorms van afgodsdiens is op heel subtiele wyse deur Satan ingevoer. Net enkele voorbeelde:

* Die Rooms-Katolieke kloosterskole vertoon in die reël beelde van Maria en ander heiliges in posisies waar dit selfs van die straat af sigbaar is.

* Menseverering het dikwels die voorkoms van vergoddeliking van die

---

4) Daar is reeds talle sulke werke beskikbaar, bv. die Heidelbergse Kategismus en die Institusie van Calvyn.

5) II Thes. 2:3-4

helde. Toesprake waarin net terloops na God verwys word, indien dit wel gebeur, skep dikwels die indruk dat dit eintlik die mens is wat die prestasie behaal het terwyl God min of meer die rol van handlanger vervul het. Sulke toesprake is welbekend in Suid-Afrikaanse skole.[6])

* Sommige -ismes loop uit op niks anders as vergoddeliking van die nie-goddelike en selfs ongoddelike of a-goddelike, bv. die Humanisme en sy vertakkinge.

* Afvalligheid kom ook voor in die vorm van openlike ateïsme. In hierdie geval is die Christen ten minste bewus van wie sy vyand is.

* Die louheid en traak-my-nie-agtigheid is 'n bedreiging wat nie so maklik uitgeken word nie. Teen hierdie vorm van afvalligheid waarsku God die leraar van die Laodicense.[7])

* Skeptisisme is nog 'n vorm van afvalligheid. Die openlike skeptikus dui ten minste aan waar hy staan en draai daar geen doekies om nie, maar die skeptikus in die gewaad van 'n gelowige is 'n veel groter gevaar. Nou het 'n hele aantal populêr wetenskaplike werke wat die Bybelgebeure onderskryf maar dit op bloot natuurlike gronde verklaar, die lig gesien en toegang tot die Suid-Afrikaanse mark gekry.[8]) Die wonderdade van die Bybel word dan van alle wonder en ingryping van God ontroof, sodat dit lyk of daar niks besonders in daardie gebeurtenisse is nie. Uit krities wetenskaplike ondersoek blyk dit in elke geval dat die sg. natuurlike verklarings glad nie steek hou nie.

## 4. Die horisontale vlak[9])

In hierdie paragraaf word aandag gewy aan onbybelse vorme van horisontale relasies.

Die Heilige Skrif maan die kind van God op baie plekke om sy oë na Bo te rig. So is daar bv. waarskuwings gerig aan Kain, Bileam en Nebukadnesar. Die boeke van die profete word byna in hulle geheel gewy aan die vermaning tot bekering. Dit alles is die gevolg van die mens se neiging om net op horisontale vlak te bly. Die boek van die Prediker skilder

---

6) Skrywer hiervan het al na talle sulke toesprake geluister, bv. tydens Republiekdagvierings. Lees in dié verband ook p. 259.

7) Openb. 3:15-16

8) Lees bv. Keller, W. The Bible as history, of die werke van Von Däniken.

9) Op p.106 word die ware horisontale relasies bespreek.

die sinneloosheid van die lewe op bloot horisontale vlak in baie helder kleure. Daar word die woord „tevergeefs" so dikwels gebruik. Salomo waarsku dan o.a. teen die wysheid, bedoelende die wysheid van mense, teen vreugde en rykdom en die rampe van die lewe wat op menslike wysheid volg. Verder toon hy duidelik aan[10]) dat dieselfde lot die vrome en die goddelose tref, want selfs die vrome is nog 'n sondaar.

Die wêreldgebeure van alle eeue illustreer baie duidelik wat die resultaat van bloot horisontale verhoudings is.[11]) Die mens steun op eie krag en probeer die vyand met die swaard oorwin. Maar dit bring geen oplossing vir sy probleme nie. Dan probeer die mens om deur middel van sy verstand vir hom 'n paradys op aarde te skep, maar hy kry dit nie reg nie. So het die strydende partye van die Tweede Wêreldoorlog in duisende propagandasette verkondig dat elkeen die sleutel tot die lewe van vrede en geluk het,[12]) maar na die oorlog het geen vrede en geluk gekom nie. Toe stig die volke die V.V., maar na 'n kwarteeu kan nie beweer word dat die paradys op aarde een tree nader gekom het nie. In 'n nuusberig van Maart 1973 word bv. gemeld dat daar vyftig gewapende konflikte op die aardbol voorkom.

Die rede vir die gedurige mislukkings lê voor die hand. Nie een van die lande wat aan die oorlog deelgeneem het, het tot eer van God gehandel nie. In die vergadersaal van die V.V. word geen enkele argument op die Skrif gegrond nie.[13])

## 5. Antroposentrisme en Humanisme

Die begrip Homisme word as sinoniem met Humanisme beskou.

Die antroposentrisme gee aanleding tot die suiwerste vorm van beweging op bloot horisontale vlak. Dis die gevolg van die mens se selfsugtige gryp-vir-homself. Dit loop uit op die mens se geloof in sy eie mag tot verlossing en uiteindelike bereiking van die absolute volmaaktheid deur eie toedoen. Die mens is die toppunt van alles en die middelpunt

---

10) Pred. 9

11) Enige omvattende beskrywing van die wêreldgeskiedenis bevat talle illustrasies, bv. Van Loon, H.W. The story of mankind.

12) Koerant- en radioberigte

13) Dit kan nie gedoen word nie omdat dit heftige beswaar van alle kommunistiese lande en ander nie-Christelike lande sal uitlok.

waarom die kosmos draai.

In 'n antroposentries georiënteerde lewenswyse kan God vanselfsprekend nie sy regmatige plek gegun word nie. Indien Hy nog erken word, kan Hy hoogstens as handlanger of instrument in die hand van die mens gereken word, maar as toppunt of middelpunt kan Hy nie beskou word nie.

Wanneer die antroposentrisme begin posvat, kan dit maklik uitgeken word. Die infiltrasie in selfs die godsdienstige en opvoedkundige denke is 'n poging om die gesag en middelpuntposisie van God te ondergrawe. Die beste voorbeeld word in die pedosentrisme gevind. Dit klink aanneemlik as gesê word dat die kind en nie die kennis nie, die middelpunt van die onderwys moet wees. Kind en kennis word vergelyk sonder om God daarby te noem. Indien beweer word dat die kind belangriker as die kennis is, maar dat albei in die nietigheid verdwyn as God ook in die saak erken word, kan die Christen daarteen geen beswaar maak nie, maar dan is die antroposentriese siening daarmee heen. En dit word ook nie so gesien nie. 'n Voorbeeld om te illustreer:

> „Dit het die skoolpraktyk baie lank geneem om te besef dat dit die kind is wat die belangrikste faktor in die skool is en nie die skoolvak nie."[14])

Selfs in die godsdiensopvattinge van bekende skrywers word dikwels net op horisontale vlak gedink. Die antroposentrisme het ook hierin sy verskyning gemaak. In die volgende aanhaling word van die godsdiens gepraat asof dit van die mens kom, sodat die indruk geskep word dat die mens die belangrikste is en die godsdiens vir sy gerief en noodsaak ontwerp het:

Godsdiens het te doen met

> „ . . . (1) the recognition that one must die, the fear that stems from that recognition and the search for a hope that will conquer that fear, . . . (5) besetting doubts in the presence of mysteries and paradoxes of the world, and the longing for a faith that gives assurance, (6) a feeling of weakness in the face of the multiple demands of life, and a reaching out for power that transcends ones limitations, . . . "[15])

Nog gevaarliker vir die suiwer Christelike opvattinge is die

---

14) T.O.D. Handboek van leergange vir die laerskool, 1964, p. 516

15) Phoenix, P.H. The role of religion in Kneller, G.F., red. Foundations of education, p. 153-154

pogings om tot 'n sintese van Christendom en Humansime te geraak. Dis dan niks minder as verbode huwelike tussen antroposentrisme en Christo= sentrisme nie. Hier word net die sintese van die religieuse grondmotiewe van die Moderne Humanisme genoem. Dis 'n kompromis tussen drie vorige grondmotiewe, nl.:

(i) <u>Die heidens-klassieke grondmotief</u>

Dis die natuur- of vorm-materiegrondmotief. Die Grieke het bv. lank voor Christus reeds aanvaar dat kultuur vormgewing is. Dit het aanlei= ding tot 'n kultuurreligie gegee omdat vorm uit chaos deur die werking van natuurmagte te voorskyn gekom het. Dit het gelei tot kultuur met vorm, maat en harmonie.

(ii) <u>Die Christelike grondmotief</u>

Die skepping is die handewerk van God, en die orde in die kosmos is deur God gebring. Die mens as hoogste geskape wese het in sonde geval, maar daar is vir hom verlossing bewerk deur die soendood van Jesus Chris= tus. In die gemeenskap met die Heilige Gees glo die mens in God en op grond van sy geloof word sy siel gered vir die ewige lewe.

(iii) <u>Die Rooms-Katolieke grondmotief</u>

Dis die skolastiese sintese tussen natuur en genade, d.w.s. die klassieke grondmotief sonder God en die genademotief met God.

Die modern-humanistiese grondmotief is dan die sintese van natuur en vryheid, die ordeskepping van die natuur en die vryheid van die soewereine ~~d.w.s. die~~ menslike persoonlikheid. ~~sterwe van Christus.~~ [16]

Watter standpunt moet nou deur die Christelik-nasionale opvoeder en opvoedkundige ingeneem word? Die Skrif bied oorvloedige voorligting, bv. in die vorm van vermanings —

(i) <u>Teen hulp van mense</u>

„Wee hulle wat na Egipte aftrek om hulp en hulle verlaat op perde, en wat vertrou op strydwaens, omdat daar baie is, en op rui= ters, omdat hulle talryk is, maar hulle sien nie op die Heilige van Israel en hulle soek nie die Here nie."[17]

(ii) <u>Teen menseverheffing en steun op eie krag</u>

„Die Here ken die gedagtes van die mens — dat hulle nietigheid is."[18]

---

[16] Dooyeweerd, H. Vernieuwing en bezinning om het reformatorisch grond= motief, p. 15-17 Lees ook Heiberg, P.J. Christelike reformasie ···, p. 3-4

[17] Jes. 31:1

[18] Ps. 94:11

,,As iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees."[19])

,,Daarop antwoord Petrus en sê vir Hom: Al sal almal ook aanstoot aan U neem, ek sal nooit aanstoot neem nie. Jesus sê vir hom: Voor= waar Ek sê vir jou, in hierdie nag, voordat die haan gekraai het, sal jy My driemaal verloën."[20])

(iii) Teen Humanisme

,, 'n Stem sê: Roep! En hy vra: Wat moet ek roep? Alle vlees is gras, en al sy aanvalligheid soos die blom van die veld. Die gras verdor, die blom verwelk as die asem van die Here daarin blaas. Voorwaar, die volk is gras!"[21])

Die Skrif stel ook iets positiefs in die plek van dit waarteen gewaar= sku word:

,,My God, ek voel te beskaamd en verleë om my aangesig tot U, my God, op te hef, want ons ongeregtighede het oor ons hoof gegroei, en ons skuld is hemelhoog."[22])

,,Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoer= baar is nie. Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat wat ek nie begryp nie."[23])

Die versoening tussen Christendom en Humanisme is reeds bespreek.[24])

## 6. Materialisme en Naturalisme

Baie opvoedkundige werke wat in Suid-Afrika beskikbaar is, kritiseer die Naturalisme.[25]) In 'n land waar beweer word dat die onderwys Christe= lik-nasionaal is, is dit dan duidelik dat die openlike naturalis se op= vattinge nie aanvaar word nie. Maar tog het die Naturalisme deur die eeue heen so 'n houvas op die mensdom gekry dat, ten spyte van afkeuring, nog naturalisties gekleurde opvattinge gehuldig word, ook in Suid-Afrika.

Twee naturalistiese reste word uitgesonder vir verdere aandag:

---

19) Mark. 9:35
20) Mat. 26: 33-34
21) Jes. 40:6-7
22) Esra 9:6
23) Job 42:2-3
24) P.70
25) Bv. Gunter, C.F.G. Opvoedingsfilosofieë en Pistorius, P. Kaart en kompas van die opvoeding, p. 133-135

(i) Die leer van energisme of Materialisme en die skakeling met Evolusionisme

Daar kan nie ontken word nie dat vir so ver die mens weet, energie die elementêrste ,,iets" is wat bestaan. Dit staan ook vas dat materie uit energie kom, dat lewensvorme uit materie te voorskyn gekom het en dat 'n ontwikkelingsgang, min of meer soos deur die evolusioniste voorgestel, wel waargeneem kan word. Teen die blote materiële ontdekkings kan nie gestry word nie.[26] Maar wanneer dit tot verklaring kom, verskil die prentjie radikaal.

Die leer van energisme verklaar nie hoe die eerste iets, of dit nou energie of ,,iets" anders was, ontstaan het nie. Daar kan geen verklaring gegee word vir die skeppingswonder waar iets uit niks te voorskyn gekom het nie. Tog word die voortsetting van dié naturalistiese gedagte nog aanvaar, nl. dat die mens maar net die eindpunt van die evolusieketting is. As daar dan 'n skedel van soveel duisende jare gelede ontdek word en daardie skedel toon 'n aansienlike ooreenkoms met dié van die hedendaagse mens, word summier aangeneem dat die mensdom soveel jaar gelede reeds die aardbol bewoon het. Daarmee word die Goddelike oorsprong van die mens, die wonder van die laaste fase van die skepping, totaal verontagsaam, net soos die leer van energisme die eerste fase nie aan die Goddelike oorsprong gekoppel het nie. Verder word op eg evolusionistiese wyse aangeneem dat liggaamlike ooreenkoms ook waarborg vir geestelike ooreenkoms is, want die Naturalisme beweer dat die gees maar net 'n neweproduk van die materie is.

Intussen kom duisende skoolkinders jaarliks in aanraking met die ,,stamboom van die mens" soos uitgebeeld in Transvaal-museum in Pretoria en soos gereproduseer in talle leerboeke vir kinders.[27]

In die Skrif is aangeteken:

> ,,Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige kruipende diere."[28]

---

[26]) Die talle leerboeke wat reeds vir skoliere en studente geskryf is vir die vakke Fisika, Biologie, Plantkunde en Dierkunde, en waarin hierdie sake beskryf word, is algemene kennis.

[27]) Die Transvaal-museum is een van die besienswaardighede wat deur skoliere tydens ,,opvoedkundige skoolreise" besoek word.

[28]) Rom. 1:22-23

(ii) Materialisme in die sin van najaging van bloot aardse sake

Op horisontale vlak is die mens altyd bekommerd oor sy materiële behoeftes. Hieroor is reeds voldoende deur predikante en so baie ander gewaarsku. Maar die saak strek nog verder: Die geestelike weerbaarheid is tot in sy diepste wortel aangetas. Sö word dan beweer:

„Ons besit slegs meninge, opinies, maar geen sekerheid, geen oortuiginge meer nie! Op iedere gebied van die lewe word ons getref deur 'n byna angswekkende onsekerheid met betrekking tot die kardinale dinge in die lewe. Van die een dag na die ander jaag die moderne mens voort met 'n dolle vaart sonder om te dink, sonder om te vra, sonder om te weet, voortgedryf deur die meganisasie van sy materiële, aardse bestaan."[29])

7. Die Fenomenisme[30])

Aangesien hierdie denkrigting 'n sterk aanhang in Suid-Afrika het en talle „fenomenoloë" aanspraak maak daarop dat hulle Christelik-nasionale opvoedkundiges is, moet hierdie saak ondersoek word.[31])

(a) Kerngedagtes van die „fenomenologiese" benadering

Strasser beweer dat Pedagogiek nie verantwoord kan word as empiriese en normatiewe wetenskappe nie, want as die pedagoog daarop reken, sê hy:

„De pedagoog sou over de pedagogiek niet meer kunnen seggen dan een verliefde over de object van zijn gevoelens."[32])

Waarom nie? Strasser verstrek geen redes. Moet die verliefde persoon noodwendig onbekwaam wees om die waarheid omtrent die objek van sy ge=

---

[29]) Keyter, J. de W. Dringende vraagtekens in ons opvoeding en onderwys, p. 30-31

[30]) Hierdie denkrigting verdien eintlik 'n baie breedvoeriger analise as in hierdie paragraaf. Hier word slegs kortliks op enkele gebreke gewys met die doel om die leser se gedagtes aan die gang te sit. Ander skrywers het die Fenomenisme ook gekritiseer, o.a.

Malan, J.H. Die wysgerig-antropologiese grondslae van die opvoedkundige teorie by C.K. Oberholzer, veral p. 173 en 183-199

Schoeman, P.G. Enkele gedagtes aangaande die „parsialiteit" van die sogenaamde fenomenologiese Pedagogiek

Heyns, J.A. Opvoeding as fenomeen soos gesien vanuit die Christelike standpunt

[31]) Werke van Langeveld, Strasser, Oberholzer, Landman e.a. is ondersoek.

[32]) Strasser, S. Opvoedingswetenschap en opvoedingswijsheid, p. 63

voelens te ontdek? Die gevoel werk tog ook mee om ware kennis bloot te lê.

Na bogenoemde bewering gemaak is, sê Strasser dat die „fenomenoloog" na vore kom om die ware kennis van die opvoeding oop te dek. Dit gaan dan om die verskynsel, beskrywing van die verskynsel en die wese van die op= voeding. Oor die verskynsel sê hy dat dit lankal bestaan, dat dit kenbaar (maar nie met die sintuie nie) en beskryfbaar is.

Die probleem wat Strasser ignoreer, is dit: Hoe kan die ondersoeker 'n verskynsel uitken as hy nie vooraf 'n beeld daarvan gehad het om mee te vergelyk nie? Hoe weet die „fenomenoloog" dat 'n sekere menslike handeling opvoeding is of nie? Let wel, die verskynsel moet eers afgeson= der word van alle ander verskynsels wat moontlik verkeerde indrukke kan skep, sodat dit vooraf noodsaaklik is om presies te weet wat opvoeding is voordat die afsondering onderneem kan word. Maar die „fenomnoloog" wil juis die beskrywing en identifikasieprosedure grond op die onder= soek van die reeds gekende verskynsel. Die uitdrukking „die verskynsel word ondersoek soos dit sigself toon" of ander woorde met dieselfde strekking, impliseer dat die „ding" wat sigself toon, vooraf uitken= baar moet wees.

Die slotsom is dat vooraf bepaal moes word <u>wat</u> opvoeding nou eintlik is. Die empiriese en normatiewe aspekte deur Strasser afgemaak, is tog onmisbaar.

Daarna bespreek Strasser die Impressionistiese en Dialogiese „Feno= menologie". Daarin word o.a. aangetoon dat die „standpuntlose standpunt" onhoubaar is. Daarmee word erken wat hierbo gesê is. Daar word dus nou <u>vooraf</u> gesê wat opvoeding is. Uitgaande van hierdie vertrekpunt word die fenomeen afgesonder vir beskrywing op grond van analise en so word die wese van die opvoeding blootgelê. Die probleem wat oor die hoof gesien word, is dat geen twee persone presies dieselfde omskrywing sal gee van wat opvoeding is nie, want daar word op bloot horisontale vlak gewerk. Strasser maak bv. nêrens melding daarvan dat God die vertrekpunt is nie, sodat daar in alle geval vanaf 'n gebrekkige menslike uitgangspunt te werk gegaan word.

Die Dialogiese „Fenomenologie" wil selfs deur dialoog met denkers waarvan die opvattinge verskil, tot algemeen aanvaarde insigte kom. Dis dan evidensies of „universele uitsprake", soos deur die fenomeniste beweer.[33] Hier word nou sulke uitsprake nader beskou.

---

[33]) Lees bv. Landman, W.A. e.a. Opvoedkunde en opvoedingsleer vir beginners

Opvoeding is hulp aan die kind met die volgende oogmerke:

„. . . betekening met toenemende verantwoordelikheid . . ."

„. . . geleidelike wegbreek van spanningloosheid . . ."

„. . . 'n genormeerde nalewing . . ."

„. . . die waag met die opvoeder . . ."

„. . . dankbaar te wees vir geborgenheid . . ."

„. . . om steeds in 'n toenemende mate aanspreeklikheid vir sy aandeel aan die opvoedingshandelinge op hom te neem . . ."

„. . . om te hoop op toekomstige volwassenheid . . ."[34]

Watter sin maak dit as die skrywer hiervan nie die begrippe verantwoordelikheid, genormeerdheid, aanspreeklikheid, selfstandigheid, ens. op bepaalde wyse vanuit 'n bepaalde partikuliere lewensopvatting interpreteer nie? Dan kan elke leser sy eie betekenis aan hierdie begrippe heg. Die ideologieë van die Demokrasie en Kommunisme sal nooit eenders oor die saak dink nie. Dit is dus nie werklik algemeen aanvaarde uitsprake nie. Die Kommunisme sal bv. nie Landman se opvattinge oor vryheid en selfstandigheid aanvaar nie. As so 'n „universele uitspraak" nie vir alle mense dieselfde sê nie, is dit analogies aan 'n lengtemaat wat nie vir alle mense ewe lank is nie. As dit bv. verskil by die Afrikaner, Fransman, Rus en Sjinees, sodat elkeen sy eie betekenis daaraan kan heg, is dit nie 'n algemeen aanvaarde lengtemaat nie. Daar kan wel geredeneer word dat bv. „dankbaarheid vir geborgenheid" 'n wetenskaplike <u>kriterium</u> is, maar aangesien dit vir die mens onmoontlik is om kennis te neem sonder om betekenis daaraan te heg, kry daardie <u>wetenskaplike</u> kriterium reeds betekenis voor die na-wetenskaplike vlak bereik word. Dan sê die kriterium reeds nie meer dieselfde vir alle mense nie en verval die aanvaarbaarheid van die „universele uitspraak". Dis verder 'n kunsmatige, onrealistiese gedagte as gereken word dat die mens op wetenskaplike vlak betekenis kan uitsluit of tussen hakies plaas en dit op na-wetenskaplike vlak na willekeur kan insluit.

Die slotsom is dat daardie uitsprake eintlik bedoel is om sonder sin te wees. En aangesien dit vir die Christenopvoeder bedoel is, kan gevra word waar die Christelike vertrekpunt is. Die opvattinge oor voor-, wel- en nawetenskap kan hierdie probleem ook nie omseil nie.

(b) <u>Implementering van die fenomenistiese opvattinge</u>

As voorbeeld hiervan word net na een Suid-Afrikaanse werk verwys.[35]

---

[34] Landman, W.A. Leesboek vir die Christen-opvoeder, p. 14-22

[35] Landman, W.A. e.a. Denkwyses in die Opvoedkunde, p. 51-59

Daaruit word slegs enkele grepe wat die werkwyse van die Fenomenisme illustreer, aangehaal.

„Die nie-wetenskap word gekenmerk deur vanselfsprekendheid en alledaagsheid."

Waarom word dit nie-wetenskap genoem? Vanselfsprekendhede is ware kennis: Die wetenskap kan tog nie bestaan sonder vanselfsprekendhede nie. Die fenomeniste wil dan die wetenskap op die nie-wetenskap bou.

Die „fenomenoloog" neem

„. . . die leefwêreld as vertrekpunt vir sy wetenskapsbeoefening . . ."

Die „fenomenoloog" kan nie beweer dat dit wat hy in die „leefwêreld" met opvoeding identifiseer, wel opvoeding is nie. Pedagogiese kategorieë en kriteria word eers sigbaar as die opvoedingsfenomeen so suiwer moontlik bo die res van die „leefwêreld" uitgelig is.

'n Hele paragraaf in hierdie werk word gewy aan „die uitskakeling van subjektiwiteit, hipotese en tradisie." Hierdie sake lei nie noodwendig tot onwetenskaplikheid nie. Die ware objektiwiteit kom immers van God, en as die ondersoeker se subjektiwiteit, hipotese en tradisie so noukeurig moontlik met die Skrif ooreenstem, lei dit tog nie na onwaarheid nie. Die uitkenning van die opvoedingsfenomeen is ook glad nie moontlik sonder subjektiewe, hipotetiese of tradisionele opvattinge oor wat opvoeding is nie. Die ondersoeker begin dus met 'n partikuliere opvatting, anders kan hy die opvoedingsfenomeen nie onderskei van ander fenomene nie.

„Die pedagogieker en fenomenoloog wil deurdring tot die werklike wesenskenmerke of fundamentele strukture van die opvoedingswerklikheid. Om dit te kan doen, moet in die pedagogiekdenke eers ontslae geraak word van alle vooroordele en opinies wat die besondere verskynsel, naamlik die pedagogiese, op 'n sekere plek en tyd toevallig mag begelei en wat as bedekking daaraan toegedien is."[36])

Hoe word vooroordele onderskei? Oordele wat die „pedagogieker" vooraf gehad het, bv. op grond van sy Christelike opvatting, is nie noodwendig foutief nie. Kan die „fenomenoloë" kriteria voorstel? Let wel: Hierdie houding kom by die „eerste fenomenologiese reduksiestap" voor, dus nog voor die fenomeen gereed was vir ondersoek, sodat nog geen kriteria vir die uitkenning van die opvoedingsfenomeen op hierdie stadium

[36]) Ibid.

gevind kan word nie. Dit lyk dan of die ,,fenomenoloog" gedurig 'n bepaalde beeld van die opvoeding in sy agterkop het. Dit kan ook nie anders nie omdat hy nie sonder betekenisgewing oor opvoeding kan dink nie.

Bogenoemde aanhaling sou vir die Christelik-nasionale opvoedkundige baie werd gewees het as daaraan toegevoeg was dat die ondersoeker se vooroordele en opinies aan die Bybelse lig getoets moet word voordat hulle verwerp of aanvaar word. Die ware Goddelike objektiwiteit moet dus eers gesoek word. Maar die ,,fenomenoloog" beweer juis die die Christelike opvattinge partikulier en dus nie die enigste is wat in aanmerking geneem moet word vir die bepaling van algemeen aanvaarde beginsels nie.

> ,,Hierdie opinies en lewensopvatlike beskouings word slegs voorlopig tussen hakies geplaas wat later verwyder kan word."[37])

Die Christen se ,,opinies" en lewensopvatting is op die Bybel gegrond. Nou moet sy Christelikheid, sy Bybel en sy betekenisgewing tydelik opsy geskuif word totdat sy ,,wetenskaplike" ondersoek voltooi is. Dis tog 'n duidelike skeiding tussen Christelikheid en wetenskap. Dit rym nie met die woorde van Christus nie:

> ,,Bly in My soos Ek in julle."[38])

Waterink het skerp kritiek teen die ,,Fenomenologie" uitgespreek.[39]) Dit kom in verskeie opsigte ooreen met wat so pas gesê is. Die volgende punte is ook deur hom aangeroer:

* Die ,,Fenomenologie" kan nooit die ware belewing van die gemeenskap met God in Christus in sy wese verstaan nie.

* Die ,,Fenomenologie" kan nie verder kom en nie diper grawe as die beskrywing van wat die mens belewe en ervaar nie.

* In verband met verskynsels en verskyningsvorme word gevra: <u>Wat</u> verskyn? ,,Fenomenoloë" sê dit word nie vasgestel voordat die algemeen geldende uitgeken is nie. Maar die algemeen geldende mag nie opvoeding wees nie.

* Langeveld praat van sonde, maar ,,fenomenologies" gesien hoort dié begrip nie in die wetenskap tuis nie.

* ,,Fenomenoloë" praat baie graag van norme. Dit impliseer bepaalde partikuliere opvattinge van goed en kwaad — en dis ,,onfenomenologies" om partikulier te wees.

---

[37]) Ibid.

[38]) Joh. 15:4

[39]) Waterink, J. Keur uit de verspreide geschriften van Prof. Dr. J. Waterink, p. 75-97

* Volgens Langeveld moet die opvoedingsverskynsel uit geen ander bron as homself geïnterpreteer word nie, maar desnieteenstaande kan hy hom nie van die lewensbeskoulike opvattinge losmaak nie. (Dis ook nie moontlik nie. S.J. du P.)

Die slotsom is dat die Fenomenisme uitgaan van die opvoedingsverskynsel soos dit onder mense voorkom, soos dit deur mense beoordeel en soos dit deur mense ontwikkel word. Daarom kan dit nie bo die menslike vlak uitstyg nie, trouens, „fenomenoloë" praat van nawetenskaplik ~~as hulle~~ as hulle meer as die bloot rasionele, eensydige „wetenskap" in gedagte het. Die transendentale en desentale relasies hoort dan nie tot die gebied van die wetenskap nie. Die Fenomenisme is dus volslae antroposentries humanisties.

## 8. Demokrasie

Die grondbeginsel van die Demokrasie as ideologie is dat die meerderheid altyd reg is en dat die minderheid hom by die meerderheidsbesluite moet neerlê.[40] Dit is dus 'n duidelik uitkenbare antroposentriese benadering. Indien dit deur 'n volk aanvaar word, word dit deel van die nasionale lewensbeskouing en werk dit deur in die opvoeding.

Die Suid-Afrikaanse Demokrasie is egter nie radikaal demokraties nie. Daar word dikwels rekening gehou met God, bv. wanneer in die gebed gevra word dat Hy die beste kandidaat in die verkiesing sal laat wen, en sy seën en beskerming in die Volkslied gevra word. Hiermee is die antroposentriese houding aanmerklik getemper maar nog nie verwyder nie. Die meerderheid kan nog verkeerd wees.

## 9. Neutraliteit[41]

Die standpunt van die Fenomenisme grens aan neutraliteit. Trouens, in die „wetenskapsbeoefening" word niks anders as 'n neutrale houding nagestreef nie, sodat die lewensbeskoulike standpunt tot die voor- en nawetenskap gereken word. Die openlike voorstanders van neutraliteit is egter nie beperk tot hierdie denkrigting nie, sodat hier nie net sekere

---

40) Na 'n verkiesing regeer die party wat die meerderheid verteenwoordig en die party(e) in die minderheid moet hulle neerlê by die wette van die meerderheid.

41) Lees ook p. 55-57 hierbo.

-isme ter sprake kom nie.[42])

Die volgende bewerings word gemaak:

* Opvoedkunde is nie 'n normatiewe wetenskap nie. Trouens, enige wetenskap moet bloot beskrywend, objektief, koud logies, m.a.w. neutraal wees.

* Die opvoeding moet geen poging insluit om die opvoedeling in 'n besondere rigting te probeer beïnvloed nie. Die opvoedeling moet self sy lewensbeskoulike standpunt kies soos hy dit goed vind. Sodra van Christelik-nasionale kant pogings aangewend word om die opvoedeling te beïnvloed maar sonder om lg. se opvattinge te determineer of hom tot sekere oortuigings d.m.v. „sielkundige prosesse" te dwing, word die beskuldiging van indoktrinasie baie gou gehoor. Dis een van die redes waarom so dikwels beswaar gemaak word teen Christelik-nasionale onderwys.[43])

Die Christelik-nasionale standpunt is reeds gestel.[44]) Daarom word hier net 'n aanhaling uit die Skrif aangeteken:

> „Maar Jesus sê: Moet hom nie belet nie, want daar is niemand wat 'n krag in my Naam sal doen en gou van My sal kwaad spreek nie; want wie nie teen ons is nie, is vir ons."[45])

Dit is dan baie duidelik dat daar geen tussenstandpunt of neutraliteit bestaan nie. Die ware objektiwiteit is nie neutraliteit nie, dis 'n keuse vir God.

## 10. Volwassenheid as opvoedingsdoel[46])

Talle opvoedkundige werke noem volwassenheid as einddoel van die opvoeding.[47]) Dit beteken dat die klein kindjie van so ongeveer sy derde jaar, (ander ouderdomme word ook aangegee), opgevoed word totdat volwassenheid intree. In hierdie geval word nie 'n ouderdom genoem in die meeste gevalle nie, terwyl in sommige gevalle wel aangedui word dat volwassenheid iewers tussen die ouderdomme van sestien en vyf en twintig

---

42) In hoofstuk XVI word ander voorbeelde beskryf.

43) Lees bv. p. 8-9 hierbo.

44) P. 13-14 en 20-23 hierbo.

45) Mark 9:39-40 Lees ook Mat. 12:30

46) Dit gaan hier net om kritiek op volwassenheid as finale opvoedingsdoel.

47) Lees bv. die werke van die fenomeniste en ook andere soos P. van Zyl, J.H. Kruger en P. Pistorius.

jaar bereik word. Hierdie opvatting bring twee probleme na vore:

(a) Wat is volwassenheid?

'n Begripsomskrywing is voor alles nodig. Hier word net verwys na Landman se normbeeld van volwassenheid.[48] Dis een poging om so noukeurig moontlik vas te stel wat volwassenheid alles behels. Daar word dan sewe kriteria bespreek, nl. sinvolheid van bestaan, selfbeoordeling en self=begrip, menswaardigheid, sedelik selfstandige besluitvorming en hande=ling, verantwoordelikheid, normidentifikasie en lewensopvatting. Hierdie sewe as opskrifte vir paragrawe kan nie vanuit Christelik-nasionale standpunt gekritiseer word nie, behalwe dat daar nog kriteria ontbreek, waarvan die belangrikste onder die opskrif ,,'n Gelowige Christen" be=spreek behoort te word. Wanneer Landman se paragrawe ondersoek word, verander die prentjie. Dan word dit duidelik dat elke kriterium vir die Christenopvoedkundige 'n vorm sonder inhoud is. Daar word gepoog om geen lewensopvatlike standpunt in te neem nie omdat die uitsprake ,,uni=verseel" moet wees, sodat elkeen in daardie vorm kan giet wat sy be=sondere geval pas. Dus, die Christen, kommunis, Mohammedaan en ateïs kan elkeen daarvan maak wat hy wil. As 'n persoon dan aan al sewe krite=ria voldoen, is hy volwasse. Aangesien volwassenheid die eindpunt van die opvoeding is, is sodanige persoon dan ook 'n opgevoede mens. Daar kan egter gevra word wat bedoel word met ,,behoorlikheidseise", ,,geroe=pene", ,,positiewe menslike moontlikhede", ,,hoogswaardevolle waarde-idee", ens.

Die Christenopvoedkundige kan hom nie met so 'n ,,standpuntlose standpunt" vereenselwig nie. Om net een voorbeeld te noem: Die Christen sê dat die belangrikste behoorlikheidseis is om 'n gelowige Christen te wees, terwyl die kommunis sal sê dat dit is om 'n toegewyde dienaar van die staat te wees en die misdadiger kan sê dit is om 'n kanphandige klouterdief te wees! Al lyk dit of dit vergesog kan wees, is daar in Landman se uiteensetting niks wat dit uitsluit nie. Dit moet ook so wees, want anders word die ,,partikuliere lewensopvatting" in bereke=ning gebring.

'n Verdere beswaar teen Landman se uiteensetting is dat die sewe kriteria konsekwent toegepas, tot die gevolgtrekking lei dat geen mens ooit volwasse kan wees nie. Niemand kan beweer dat hy ten volle voldoen aan alle behoorlikheidseise (wat ook al daarmee bedoel word), homself

---

48) Landman, W.A. e.a. Opvoedkunde en opvoedingsleer vir beginners, p. 35

ten volle verstaan en korrek beoordeel, absoluut selfstandig kan besluit en handel in alle probleemsituasies nie.

„Als we in de wereld zoeken naar waarlijk volwassen mensen, ontdekken we dat ze er niet zijn."[49])

As daar dan nie volledige volwassenheid bestaan nie, kan opvoeding tog nie ophou nie, soos voorstanders van hierdie opvatting beweer.

(b) Kan volwassenheid as opvoedingsdoel aanvaar word?

Daar is pas aangetoon dat daar geen volslae volwassenheid bestaan nie, maar kan daar nie gesê word dat dit nogtans die rigtingwyser vir die opvoedingsgebeure is nie? Is dit nie tog maar die einddoel al kan dit nooit bereik word nie?

Voordat bevredigende antwoorde op hierdie vrae verstrek word, moet die normbeeld van volwassenheid van Landman eers met lewensopvatlike inhoud gevul word, anders gaan dit uitloop op 'n verskeidenheid finale doelstellinge wat almal ewe aanvaarbaar is. Dit is dan moontlik om die sewe paragrawe so te skryf en aan te vul dat die slotsom sal wees dat volwassenheid sal dui op 'n persoon wat in alle liefde teenoor God, medemens, die skepping en homself leef. Dit mag in ander woorde met dieselfde strekking as die Bybelse opvoedingsdoel uitgedruk word. Volgens die fenomeniste word dit op nawetenskaplike vlak gedoen, maar dan is dit nie meer wetenskap nie.

Landman en andere wat soos hy dink,[50]) bly by die gedagte dat volwassenheid wel bereikbaar is, dat opvoeding ophou by die bereiking van volwassenheid, en beweeg daarmee op bloot horisontale vlak. Dis weer niks anders as „wetenskap" gegrond op die blote rede met uitsluiting van die godsdienssin, emosie, wil en liggaam nie.[51])

## 11. Tradisies

Dis nie voldoende om te beweer dat die onderwys in Suid-Afrika Christelik-nasionaal van aard is op grond van tradisie nie. Dis waar dat mense soos S.J. du Toit en Mansveldt baie moeite gedoen het om 'n waarlik Christelik-nasionale onderwysstelsel te ontwikkel, maar dis ewe waar dat die Smutswet (1907) en latere wetgewing aansienlik afgewyk het van die Christelik-nasionale beginsels, sodat dit in 1967 nodig geword

---

49) Van Praag, H. De kunst van het opvoeden, p. 13

50) In Suid-Afrika speel Oberholzer 'n leidende rol hierin.

51) Lees p. 51-52 hierbo.

het om hierdie beginsels in 'n wet te beliggaam.[52] Dit is dan gevaarlik om op grond van die tradisie van Christelik-nasionale onderwys geen moeite te doen om vas te stel of die huidige onderwys wel Christelik-nasionaal is, en om geen daadwerklike pogings aan te pak om dit waarlik Christelik-nasionaal te maak nie.

12. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die groot aantal strominge in die Suid-Afrikaanse denke en onderwys nog glad nie volledig bespreek nie. Hier is slegs voorbeelde aangehaal om die oë van die ware Christelik-nasionale opvoedkundige te open vir die talle dwaalweë wat wegswenk van God af, en hom te help om Christelik-nasionaal te dink.

---

[52]) Wet 39/67. Hierdie wet is heftig teengestaan en implementering daarvan word nog steeds teengestaan, soos beskryf in hoofstuk XVI. Die historiese ondersoek na die mate waarin Christelik-nasionale onderwysbeginsels in Suid-Afrika toegepas word, word in hoostuk XV beskryf.